EIMS | ENVIRONMENTAL IMPACT MANAGEMENT SERVICES

2025/03/27

Ons verwysing: 1657/MN/am

Vir wie dit mag aangaan

Geagte Meneer of Mevrou,

**KENNISGEWING MET BETREKKING TOT GELEENTHEID OM AAN DIE OMGEWINGSAANSOEK DEEL TE NEEM VIR DIE VOORGESTELDE HARMONY SAVUKA UITSKOT BERGINGSFASILITEIT UITBREIDINGSPROJEK, IN MERAFONG STAD PLAASLIKE MUNISIPALITEIT, GAUTENG, SUID-AFRIKA**

Golden Core Trade and Invest (Pty) Ltd. - Mponeng Operations (hierna verwys as die aansoeker) het Environmental Impact Management Services (Edms) Bpk (EIMS) as die Omgewingsevalueringspraktisyn (EAP) aangestel om die nodige omgewingsmagtiging en gepaardgaande konsultasieprosesse te onderneem. EIMS sal die vereiste dokumentasie saamstel en indien ter ondersteuning van aansoeke vir:

- Wet op Nasionale Omgewingsbestuur (Wet 107 van 1998) (NEMA);
- Nasionale Omgewingsbestuur: Afvalwet (Wet 59 van 2008) (NEMWA); en
- Nasionale Waterwet (Wet 36 van 1998) (NWA).

Bykomende gelyste aktiwiteite en/of watergebruike kan tydens die proses geïdentifiseer word.

Die Savuka 7a & 7b uitskot bergingsfasiliteite (TSFs) nader hul finale en goedgekeurde hoogte, en die huidige beplande Life of Mine (LOM) vir die Wes Wits-streek oorskry die beskikbare afsettingskapasiteit. Daarom, verlang die aansoeker om die hoogte van die Savuka 7a & 7b TSFs te verhoog.

Die voorgestelde projek is geleë op Gedeelte 25 van die Plaas Doornfontein 118 IQ en Gedeelte 93 van die Plaas Blyvooruitzicht 116 IQ, Merafong City Plaaslike Munisipaliteit, Gauteng Provinsie. The terrein is ~5 km suid-wes van Carletonville. The sentrale punt van die terrein is by is -28.785582°S, 24.074790°O. Verwys asseblief na aangehegte projekliggingskaart.

EIMS sal die prosedures volg wat in die Omgewingsimpakbepaling (OIB) Regulasies (GRN982 van 2014, soos gewysig) omskryf is om 'n Basiese Evalueringsproses te onderneem. In ooreenstemming met Hoofstuk 6 van die OIB-regulasies, sal 'n publieke deelnameproses onderneem word. U word hiermee uitgenooi om te registreer en kommentaar te lewer op die voorgestelde projek en aansoeke. Om te verseker dat jy geïdentifiseer en geregistreer word as 'n Belanghebbende & Geaffekteerde Party (B&GP) en dat u kommentaar vasgelê word, dien asseblief u naam, kontakbesonderhede en die rede vir u belangstelling, skriftelik of telefonies aan EIMS. Neem asseblief kennis dat slegs geregistreerde B&GPe ingelig sal word oor toekomstige projekinligting en geleenthede vir deelname.

Deur te registreer as 'n B&GP stem u saam tot die insameling en verwerking van u persoonlike inligting soos per die EIMS Privaatheidskennisgewing beskikbaar by www.eims.co.za/public-participation. Om te verhoed dat geleenthede vir publieke deelname misgeloop word, dien asseblief B&GP-registrasies, of enige navrae, kommentaar of bekommernisse met betrekking tot hierdie aansoek, so gou moontlik in by EIMS by:

Kontak persoon: Alexander Msipa

EIMS Verwysingsnommer: 1657

Posadres: Posbus 2083; Pinegowrie; 2123

Telefoon: (011) 789 7170/ Faks: (086) 571 9047

E-pos: savukatsf@eims.co.za

Sluit asseblief die projekverwysingsnommer **1657** by alle korrespondensie in.

Verdere inligting sal beskikbaar wees by www.eims.co.za/public-participation/. Neem asseblief kennis dat in die geval dat jy weens databeperkings nie toegang tot die webwerf kan kry nie, kontak asseblief EIMS vir alternatiewe reëlings.

Voel asseblief vry om die ondergetekende te kontak indien u enige navrae of bekommernisse het.

Vriendelike groete,

Alex Msipa